

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 48

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

DIE ONMOONTLIKE

"Niemand kan twee here dien nie; Julle kan nie God en Mammon dien nie." (Matth. 6:24).

'n Slaaf van twee here? 'n Arbeider met twee base? 'n Werknemer by twee werkgewers? 'n Christen met 'n dubbele lojaliteit? Al hierdie verhoudinge is net nie moontlik nie!

Baie gelowiges wil slimmer wees as God en hulle wil wyser wees as Christus wat geleer het wat moontlik is en waartoe 'n mens wel in staat is.

Dit gaan hier oor werk, oor diens en prestasie wat gelewer kan word. 'n Slaaf behoort aan 'n eienaar. Laasgenoemde gee die opdragte en bevele. Van die slaaf word gehoorsaamheid vereis! Hierdie twee partye lewe in harmonie en bevorder 'n bepaalde saak of doeleinde.

Wanneer 'n derde party of 'n heer, 'n ander meester egter op die toneel verskyn ontstaan daar verwarring, kom daar spanning en allerlei wrywing! Die sienswyse en opvattinge, die instruksies en doeleinde van die twee here is nie altyd gelykluidend of eenders nie, afgesien van hul persoon en persoonlikhede wat verskil!

Hoe nou gemaak?

Uiteindelik 'n beslissing! Vir die een teen daardie een! Dit is duidelik! Verder word daaroor nie geredeneer nie!

In die alledaagse en gewone lewe is die verhouding meesal, een slaaf, een heer, 'n arbeider het net een baas; 'n werknemer slegs een werkgewer op 'n bepaalde tyd of gegewe moment!

As Christus nie die groot gevaar van 'n dubbele lojaliteit voorsien het nie, sou Hy nie waarskuwinge teenoor sy volgelinge laat hoor het nie. Uit die voorafgaande is dit duidelik hoe onmoontlik sodanige verhoudinge is en dit is ewe onmoontlik op sedelike godsdienstige terrein. Die kind van God, die dienskneg of slaaf van Christus kan nie tegelykertyd ook kneg van 'n ander heer wees nie! God en Satan, Christus en die duiwel; en in hierdie geval: God en Mammon sluit mekaar geheel-en-al uit! Hulle belange bots radikaal! Let op die volgende: Die Here leer; My seun gee my jou hart! Mammon eis: Gee jou hart vir my. Die Here sê: Wees tevrede met wat jy het! Mammon stook die kwaad-Maak bymekaar soveel as jy kan! God wil: Wees eerlik, bedreig niemand en beroof jou naaste nie! Mammon gaan tot 'n ander uiterste: Bedreig selfs jou vader ter wille van wins! Ons Hemelse Vader leer: Wees barmhartig en bewys liefdadigheid! Mammon sê in verbittering: Dit kon beter bestee word, dit is vermorsing en deur te gee benadeel jy jousef! Die Here eis: Gedenk die Sabbat . . . Mammon stel hierteenoor: Ter wille van oortyd, ter wille van plesier en genot en ontspanning, ter wille van die skitterende wêreldse luukse kan die Sabbat maar ontheilig word.

Vir wie stel die kneg hom nou beskikbaar en teen wie gaan hy hom nou versit? 'n Beslissing is noodsaaklik! 'n Innerlike keuse moet noodwendig volg! 'n Stryd word gestry en dit is 'n saak van die hart!

Die hart is die uitgang van die lewe!

Die hart is die uitgang van die lewe! In die hart van die mens en van baie gelowiges lê die probleem! As hierdie fontein eers vertroebel is, dan is die lewe vuil, ja, die donkerheid ontsettend groot!

Hierdie verslaafdheid aan Mammon is 'n erger probleem in ons tyd en 'n moeiliker sonde om te bestry as alkoholisme in sy volle konsekwensie of die seksuele afwykinge en oortredinge

in alle fasette! — Ja, die gierigaard en hebsugtige soek sy beskerming en beveiliging slegs in geld en besittings terwyl God en Christus totaal uit die oog verloor word. Hierdie siekte van die hart en die verduistering van die gemoed is niks anders as afgodediens nie. Hierdie virus of infeksie tas meer mense, 'n groter persentasie gelowiges aan in hierdie verligte twintigste eeu as wat ons dink of bereid is om toe te gee. Baie mense, wat andersins voorbeeldig en gerespekteerd is; menige getroue kerkganger en selfs ortodokse en nougesette Christene, ly aan hierdie dodelike kwaal!

Mammon is so fyn en slu, so slim en voorbedag dat hy selfs van vroomheid gebruik maak om sy onheilige doel te bereik! Hy maak gemene saak met die godsdiens om die vesting van die hart en die gedagte van die gelowige te verower. Deur 'n vashouplek te verkry wil hy die h art 'n oninneemlike stelling vir homself maak. So wil hy dan die hele mens regeer, en swaai hy die septer nie alleen in die persoonlike lewe nie maar beheers hy die hele sosiale struktuur, die politiek, die handel en nywerheid, die ekonomie en boerdery en helaas ook die kerklike gemeenskap! Welke krag en duistere mag openbaar die hel nie nou nie!

Mammon het die plaasvervanger geword van die ware God! Hy het wat Christus geleer het, verdring en die egte en kinderlike geloof het verdwyn.

As ons nou vir 'n oomblik ernstig en eerlik wil nadink, moet ons erken en in ootmoed bely dat die spore van hierdie mees verwoestende sonde diep in ons lewens ingevreet l e en dat dit een van die grootste gevare is waaraan ons bloot staan en dat dit uiters moeilik is om te beveg omdat dit so diep binne die mens verskuil is. Hoe het dit met die ryk jong man gegaan? (Matth. 19 : 16).

Tog is daar ook hoop! Sagge us is die voorbeeld (Luk. 19:1). Die mens kan verlos word van hierdie dwangmeester! Die koue en ongenadige verlange en begeerte na geld kan oorkom word! 'n Ryke kan ook 'n verlose in Christus wees en Mammon kan verslaan word as die hart en oog geopen word vir die genade in Christus en vir die koninkryk van God! Dit is moontlik om in sy diens te staan en in gehoorsaamheid 'n dankbare lewe te voer.

Mag onse God en ons Here Jesus Christus ons bewaar vir 'n dubbele lojaliteit en die fatale waagstuk om die onmoontlike te probeer, naamlik om twee here te probeer dien!

G. H. J. Kruger.

DAAR IS TOG OOK BAIE CHRISTENE BUITE DIE KERK

Ek weet jy loop al lankal met hierdie stelling in jou hart. Miskien reeds al vanaf die tyd dat jy nie meer so gereeld in die kerk gekom het nie. Of toe jy ernstig deur die dominee of ouderling vermaan is. Gaandeweg het dit vir jou duidelik geword dat daar tog baie goeie en ordentlike mense is wat nooit kerk toe gaan nie en jy het jou onder hulle geledere gaan skaar. Dit mag wees dat jy nog nie die kerk bedank het nie, maar nou-ja miskien kom dit ook nog wel.

Gewoonlik gaan hierdie stelling gepaard met die gedagte dat die ouens wat tog kerk toe gaan dit eintlik doen om deur ander gesien te word, en dat daar tog maar baie huigelaars in die kerk sit.

Maar ek dink dit is tog nodig dat ons met mekaar oor jou gedagtes gesels. Ek moet sê dat jy nie die eerste een is wat ek so hoor praat nie. En ek moet daar byvoeg dat daar heelwat mense is wat hulleself glo as hulle so praat.

Maar as ons nou eerlik wil wees, moet ons tog hierdie stelling 'n bietjie ondersoek. Ek hoop jy het die moed om dit saam met my te doen.

Wat is 'n Christen?

Die eerste vraag waarom ons meer duidelikheid moet kry, is: Wat is 'n Christen? En nou moet ons nie begin om te sê: 'n Christen is 'n mens wat kerk toe gaan nie. Ons moet begin met die primêre gedagte: 'n Christen is 'n mens wat in Christus glo.

Dit is immers die eintlike van 'n Christen naamlik dat hy deur die band van die geloof aan God verbind is; dat hy nie alleen weet dat God bestaan nie, maar dat hy ook weet dat God sy Vader is in Christus en dat Christus Homself aan die kruis laat spyker het om elkeen wat in Hom glo, van die toorn van God te bevry. Die Bybel sê aan ons dat 'n Christen 'n nuwe mens is (II Kor. 5 : 17). Dit wil sê hy dink anders en doen anders as die mens wat nie in God glo nie. Sy lewe is op God gerig en nie net op homself nie. Ons sou kon sê: Die Christen leef teosentries en nie egosentries nie. Hy is soos 'n sonneblom wat die koesterende strale van die son opvang en dit weerkaats in die oopvouende blomkelk. Hy is soos die loot aan die wingerd stok (Joh. 15) wat vrugte dra en wat nie kan bestaan as dit van die wingerdstok afgesny word nie.

Wat is die kerk dan?

Die tweede vraag waarom ons meer duidelikheid moet kry, is: Wat is die kerk? Daar heers oor die kerk ontsettend baie misverstand. Sommige dink dit is soos 'n winkel waarby die lidmate klandisie is wat geregtig is op puik en flinke diens. Ander dink weer dat die kerk soos 'n trein is wat na die hemel ry en waarin die lidmate as passasiers net saamry.

Die kerk is egter die vergadering van gelowiges. Die Bybel noem die kerk die liggaam van Christus (I Kor. 12 :17). En daaruit moet ons aflei: As jy aan Christus behoort, as jy in Hom glo, dan kan dit nie anders nie, jy moet ook 'n lid van sy liggaam (die kerk) wees.

Dink maar aan jou eie liggaam. Gestel dat jou een voet sou sê: ek dink dit sal beter wees as ek loskom van die man se liggaam en dan staan jy môre vroeg op en bemerk: Daar sit my voet in my skoene. Maar sal dit nog jou voet wees? Of sal dit maar net 'n voet wees? En sal jy so maklik die môre kan opstaan en haastig die bus vat sonder jou voet?

En nou sien jy wat die konsekwensie van jou stelling is. Jy kan dit vervang met die volgende: 'n Mens kan voete hê sonder dat hulle aan jou been vassit. Of nog erger: Voete sonder

verbintenis met die liggaam van 'n mens, het dit baie beter. Hulle kan loop waar hulle wil!

En miskien besef jy dit nou: Eintlik kan 'n mens met gesonde verstand (en geloof) nooit so redeneer nie!

My vriend, kyk goed na jou voete. Hulle is kosbaar vir jou hele liggaam! Maar kyk ook goed na jou geloof, die band aan Christus!

En kom dan terug, terug na jou God, terug na die kerk, terug na die versterking van jou geloof deur die verkondiging van God se Woord!

Want daar is nie Christene buite die kerk nie!

Daar is nie gelowiges sonder verbintenis met die liggaam van Christus nie.

Net soos jy nie voete het wat jy kan gebruik as hulle nie deel van jou liggaam is nie!

B. Duvenage.

'n Trooswoord aan die sieke

Geagte Vriend, daar in die eensaamheid en stilheid van die hospitaalkamer of siekekamer, ons wil vandag met u praat!

Ja ons weet van die liggaamlike pyn, die smarte wat elke dag en elke nag by u is. Hoe kan daardie pyn 'n mens nie folter nie. Hoe moet 'n mens nie soms op die tande kners terwyl die trane in jou oë brand en 'n uitroep op jou lippe huiwer . . . Hoe kan die slaap nie van jou wyk as die pyn deur jou brand nie. Of daar is die groot moegheid wat jou wil vasdruk; wat jou alle hoop op herstel wil ontnem.

Maar ons weet ook van die innerlike geestelike pyn wat telkens dreig om jou te oorweldig. Daar is die groot moedeloosheid wat soos 'n donker wolk bo jou hoof hang. Daar is baie vrae . . . die baie waaroms, wat so deur 'n mens kan maal . . .

En nou . . . waar vind ek krag en troos en sterkte in my pyn en stryd, in die groot moegheid wat oor my hang?

Daar is die welmenende vriende wat rondom u bed sal staan met oë vol simpatie en stemme wat spreek van meegevoel. U hoor hulle sê: "Hou moed, elke donker wolk het 'n goue rand!" U hoor die bemoediging voordat hulle weer vertrek: "Môre sal dit beter gaan".

Maar is dit nou waaragtige troos?

Nee, my vriend . . . Al is dit hoe goed bedoel, dit is eintlik net leë niksseggende woorde. Daar lê vir u eintlik geen krag en geen troos in daardie woorde nie. Hulle bly in die lug hang. Hulle dring nie by 'n dorstige smagtende hart in nie.

Daar is tog in hierdie ure vir u net een ware troos, my vriend. **Dit is die heerlike waarheid in die Woord van die lewende God.**

Wat wil Gods Woord aan u sê?

Maar net dit: dat Jesus Christus eenmaal die hande seënend opgehef het oor diegene wat in Hom glo en aan hulle gesê het: "**Vrede vir julle . . .**"

Dit is ware vrede.

Dit is rus en berusting wat alle verstand te bowe gaan.

Maar dit is die vrede van deurboorde hande, want kyk, daar is gate in daardie hande wat seënend uitgestrek is . . .

Waarin lê hierdie rus en vrede, hierdie heerlike vertroosting?

Die apostel Petrus het een keer aan die gelowiges geskrywe: "omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge losgekoop is nie, maar deur die kosbare bloed van Christus."

Daarin lê my troos! Ek is losgekoop uit die mag van Satan! Ek is met bloed gekoop! Ek is die eiendom van Jesus Christus vir ewig! Ek is met God versoen!

Daarom skenk Jesus my sy vrede, want Hy versorg my en Hy hou oor my die wag. Hy beskik alles oor my ten goede . . . Absoluut niks kan oor my kom as dit nie die wil van my hemelse Vader in Christus is nie.

Hoe stil en rustig raak dit nie nou in my binneste nie . . . Hoe 'n heerlike begeerte het ek nie nou om saam met Paulus te sing: "niks sal my skei van die liefde van God, wat daar in Christus Jesus onse Here is nie . . ."

Ja selfs die dood word vir my ligpoorte wat heenlei na die ewige rus met God!

Waarlik . . .

"Dat u my verdruk het Here, dit was enkel goed vir my, want daardeur het U my dieper in U kennis ingelei."

My vriend, glo jy in Jesus Christus?

Het jy hierdie heerlike Goddelike troos?

Is hierdie rykdom ook jou deel daar waar jy in eensaamheid die dae en nagte op jou siekbed deurbring?

Vra die volgende predikant wat by die deur instap om met u hieroor te praat. Hy sal u nog veel meer kan vertel van die wondere van God se genade. ..

Ds. A. Myburg.

'n Praatjie met die Mynwerker

AS DIE MYNFLUIT BLAAS

Jy ken daardie blaas nê vriend?

Dis nie maar die aanduiding van die tyd of dat die skof wissel nie.

Dis daardie besondere blaas wat sê iets groots het gebeur — 'n brand of rotsstorting of ander groot ongeluk.

Dis daardie blaas wat die koue rilling deur mens laat skok, die blaas wat mens met die jare steeds meer vrees en verag. Dis die een wat 'n man se senuwees vreet. Jy raak maar net nie aan hom gewoon nie, ook al aanvaar jy hom later as onvermydelik, deel van die job.

Veral as 'n man so 'n slag of wat die onheil gesien het wat hy soms aankondig, dan haat jy hom. 'n Verkoolde lyk of brokstukke van 'n vergruisde liggaam lyk net nie mooi nie.

Arme mens, so skielik, so onverwags, in die fleur van sy lewe, sonder vaarwel, onvoorbereid?

Dit kon jy gewees het

Dit kon jy gewees het, vriend! En dan?

Jy weet, dit besorg iets van droefheid om te dink aan die gewisse verval en ontbinding van alle mensekrag, skoonheid en wysheid. Wat hierdie lewe betref, kom daar vir almal 'n einde. Verganklik! Wie leef daar wat die dood nie eenmaal sal aanskou nie . . ? Dog bloot hierdie gedagte se uiterste konsekwensie is magteloosheid.

Dit gryp egter die gedagte en gemoed intenser aan as hierby die vraag opkom: en na die dood? Dog ook dit kan sonder betekenis van die antwoord maar as uiterste gevolg hê 'n gelate aanvaarding.

Maar, my vriend, byna mateloos word die intensiteit van ontroering egter as ons gekonfronteer word met die Woord van God wat steeds die enig ware en gewisse antwoord gee op die vraag: -- en na die dood? Want na die dood laat die onsterflike Woord sy gesagvolle werking konsekwent geld.

Dis dan wanneer die outoriteit van die Woord en die waarheid van die Woord onmiskenbaar die goddelike oorsprong daarvan bevestig. Dis dan wanneer alle gestorwenes ervaar dat daardie Woord waargemaak word deur die God wie se gedagtes en wil dit bekendmaak.

Vergun my daarom maar om die vervloë geeste te verbind aan die ewigdurende Woord wat hulle eens gehoor. . . en aanvaar of verwerp het.

Almal het die Woord gehoor

Alle hoorders van die Woord, en in ons land is dit seker alle mense, het die Woord bevestig en bekragtig gehad in hul lewens. Sommige het dit nagelaat en by hulle laat verbygaan. Tog het die getuienis daarvan 'n stempel op hulle nagelaat met die oog op die ewigheid . . . of hulle dit besef het of nie. Andere het dit aanvaar en daaraan verkleef geraak. Die seënryke beloftes daarvan is aan hulle vervul.

Niemand is daar wat met daardie Woord in aanraking gekom het in die span van hulle lewens, wat nie onder die besef gekom het van die plegtige waarheid van die beloftes of dreiginge daarvan nie. Die Heer se raad word nooit gekeer nie, dit sal bestaan in ewigheid.

Teen sy besluite is geen verweer nie, bestendig duur dit vir altyd.

Dit raak jou altyd

Die geslagte wat verby is mag die Woord nagelaat of daarop ag gegee het. Hulle mag hulle aan die Woord vergryp het of die Woord kon hulle gegryp het. Waar hulle ook nou mag wees, een ding staan vas: hulle verhouding op aarde tot daardie Woord is die beslissende faktor vir hul huidige toestand.

Die gesproke klanke het in die lug verdwyn. Die boodskappe mag vergete wees . . . maar diegene wat dit gehoor het, is vir ewig getref deur hul gehoorsaamheid of ongehoorsaamheid aan daardie Woord.

Alle vlees is gras. Maar die Woord van God hou stand in ewigheid.

Die diepste betekenis van hierdie woorde is: Jesus Christus leef, van ewigheid en tot in ewigheid.

Hy is magtig vir ons sterkte en troos as ons dink aan die verbygaande lewe.

Hy kom weer om te oordeel die lewende en die dode.

Hierdie mag die laaste skof wees. Daarom moet ons des te meer ag gee op wat ons gehoor het!!!

Dink daaroor na vriend, as die mynfluit blaas.

Na wie toe sal ons gaan ?

*Hartlike seënwense aan al ons
lesers met
Kersfees en Nuwejaar*

Na wie toe sal ons gaan?

"En Simon Petrus antwoord Hom: Here, na wie toe sal ons gaan? U het die woorde van die ewige lewe." - Joh. 6:68.

Die lewe kan soms moeilik word — wie weet dit nie? Soms so moeilik dat die wêreld te nou word vir 'n mens. Nêrens is 'n uitweg nie. Nog erger word dit as jy staan voor die doodgapende afgronde rondom jou, en jy moet spring. Waarheen? Ja, waarheen vlug jy vir die dood? Toe die slag om Berlyn so hewig in die strate geword het, het Hitler in sy skuilkelder gesit, 'n vasgekeerde wat geen weg na die lewe meer kon sien nie. Al wat oorgebly het, was om hom self te werp in die arms van die dood.

Ons skuilkelders

Waarheen vlug jy as die wêreld te nou word, as jy vasloop teen mure rondom jou? Ons het baie uitvlugplekke vir ons gebou — maar kan hulle red? Die skuilkelders onder die aarde, ruimteskepe bo die aarde, duikbote onder die see, hospitale en spesialiste waarheen ons vlug; volkere wat gryp aan die leerstellings van Karl Marx of Boeddha of aan die wetenskap van ons tyd; sommige soek uitvlug by die bottel, die verdowingspil of die droomwêreld van die bioskoop. Kan hierdie dinge ons red uit die nood?

Soos sandkasteeltjies

Nee. Ons vestingwerke van geld of mag of naam verkrummel soos sandkasteeltjies as die storms kom, hulle kan die lewe nie red of blywende uitkoms bied nie. Die digter van Ps. 139 voel dit aan as hy sê: "waarheen (sou ek) vlug van U aangesig? Klim ek op na die hemel, U is daar, en maak ek die doderyk my bed, kyk, U is daar. Neem ek die vleuels van die dageraad, gaan ek by die uiteinde van die see woon . . ." Geen vlugkans nie. Die mens word ingehaal. God haal jou in.

Die Brood en Water van die lewe

Baie mense het Jesus verlaat, die duisende wat eers aan sy lippe gehang het, die 5,000 wat Hy pas tevore so wonderdadig gespysig het: Ek is die brood van die lewe, en die water van die lewe, net deur My kan julle die lewe hê — toe het hulle kwaad en teleurgesteld geword. Hulle wou 'n magtige onverskrokke koning hê, nie een wat bereid is om te sterf vir sondaars nie. Van die duisende het nou net twaalf oorgebly. En dis toe dat Jesus gevra het: "Wil julle nie ook weggaan nie?" en Petrus gesê het: "Here na wie toe sal ons gaan? U het die woorde van die ewige lewe".

Waar is dit te vind?

Hy het besef (iets wat die meeste van ons moet leer) die mens kan nooit op eie bene staan nie. Hy is 'n swak kindjie, hy het hulp nodig, 'n sterke hand, 'n veilige vesting. En waar kan hy dit kry? By niemand, nêrens op die hele wêreld nie — behalwe by Christus. Dit is nutteloos en tevergeefs om verder te soek — te soek na iets wat nie bestaan nie. Net in Christus kan God as genadige Vader gevind word, as Gewer van die ewige lewe — "wie in My glo," het Christus so pas gesê, "het die ewige lewe", en in Joh. 14 :6 "Niemand kom tot die Vader behalwe deur My nie". Hy is die deur, die enigste deur na die lewe.

By Christus

Dis Christus of niks. Net Hy lei na die lewe. Waarom? Net Hy is die Seun van God, die Eniggeborene, net Hy het Hom vir ons laat kruisig, net Hy kon die straf dra, net Hy kon die

dood oorwin, net Hy kon die hemel oopsluit en vir ons die plek berei. Hoe gouer ons ons mensgemaakte toevlugsoorde sien in hulle magteloosheid, hoe beter. Ons afgode van silwer en goud, van staal en beton en uraan waarop ons ons vertrouë vestig. Dis skempies wat in die storms wegwaai, en nooit ware redding kan bring nie. As die nood kom, staan jy alleen.

Het ons al werklik besef dat ons "midde in die dood" lê in ons eie krag? Dat alleen by Christus die ewige lewe en blydschap te vinde is? Dat ons met Christus moet wandel, die enigste Rots van behoudenis?

Kyk, by Hom is die woorde van die lewe, ja, die ewige lewe self, vir elkeen wat glo.

Na wie toe?

Na U toe!

Omdat U reeds na my toe gekom het. Here vat my hand.

W. J. Maritz.

Ons arbeid is tevergeefs as...

Hul werk is hul god

Nou die dag het my vriend Van Dijk wat onlangs uit Holland hierheen verhuis het, my vertel dat die Kommuniste in Europa beskou word as die beste vakmanne. Op my vraag waaraan dit toegeskryf moet word, het hy geantwoord: "Die Kommuniste het niks anders om voor te lewe nie. Die arbeid is sy god. Sy werk is sy godsdiens."

Dit het my baie laat dink.

Het my werk nie dalk ookal my god geword nie? 'n Mens se werk neem so 'n belangrike plek in jou lewe in. Jy leef om te werk en jy werk om te leef. Is ek (en baie van my medemense) nie soos 'n esel aan 'n bakkiespomp of 'n muil aan 'n steenpers nie wat dag na dag al in die rondte, al in die rondte gejaag word totdat ek eendag in die tuig dood neerslaan. Na die driejarige oorlog toe alle hoop op die toekoms oënskynlik vernietig was, het die Afrikaanse digter Leipoldt met sy bekende, wrange galgehumor die volgende versie geskrywe:

Neem jou land as trouing, neem jou werk as vrou, die toekoms as jou babatjie — dis genoeg vir jou!

Is meeste van ons nie met ons werk getroud nie? Staan ons nie maar net soos die Kommuniste onder die pantoffelregering van 'n harde meesteres nie? Het ons deur hierdie lewenslange verbintenis waartoe ons gevonnies is, nie al so gevoelloos geword dat ons nou nie eers meer agterkom hoe die tuig skawe nie?

My werk en my God

As al hierdie dinge waar is, is ek in werklikheid nie 'n duit beter daaraan toe as die mense agter die ystergordyn nie. Dan is die enigste verskil tussen die slawe in die Siberiese yskampe en die mense in Suid-Afrika die verskil in klimaat.

Is daar dan nie 'n ander gesigshoek waaruit 'n mens die saak kan beskou nie? U weet mos hoe dieselfde voorwerp wissel in voorkoms na gelang 'n mens dit besien uit verskillende rigtings.

Kom ons begin so: hoe kan my werk my waarlik genot verskaf? Hoe kan ek daar werklik vreugde in vind? Wanneer sal my werk nie 'n stukkie afgodsdiens wees nie? Onder watter omstandighede sal my arbeid nie tevergeefs en 'n gejaag na wind wees nie? Wanneer sal dit ewigheidsbetekenis verkry?

Die antwoord is eenvoudig wanneer God daarin die regmatige plek beklee.

Ek sien u trek u wenkbroue soos 'n vraagteken op? En ek weet u dink: Wat het my werk met my godsdiens te make? Laat ek vir u sê: Dit het alles daarmee te make! Ek kan my bewering met voorbeelde staaf.

Lees 'n bietjie wat die wyse Prediker vertel: "Ek het groot werke onderneem. Ek het vir my huise gebou, ek het vir my wingerde geplant. Ek het vir my tuine en parke aangelê en daar allerhande vrugtebome in geplant. Ek het vir my damme gemaak om daaruit 'n bos met jong bome te besproei. Ek het slawe en slavinne gekoop en my eie bediendes gehad wat in my huis gebore is. En alles wat my oë begeer het, het ek hulle nie ontsê nie, my hart het ek van geen enkele vreugde teruggehou nie, want my hart het hom verheug vanweë al my moeitevolle arbeid . . . Toe het ek gekyk na al my werke wat my hande tot stand gebring het, en na die arbeid wat ek met moeite verrig het, — **en kyk, dit was alles tevergeefs en 'n gejaag na wind en son nie**" (Pred. 2 :4-11).

Sonder God is alles tevergeefs!

'n Tweede voorbeeld: Jesus vertel van 'n baie vooruitstrewende boer wat vir hom groot skure gebou het. Toe het hy vir homself gesê: "Siel, jy het baie goed wat weggesit is vir baie jare; neem rus, eet, drink, wees vrolik. Maar God het vir hom gesê: Jou dwaas, in hierdie nag sal hulle jou siel van jou af eis en wat jy gereed gemaak het, wie s'n sal dit wees?" (Luk. 12:19, 20). Jesus voeg daaraan toe (en hierdie woorde sou 'n gepaste grafskrif vir die ryke dwaas wees): **"So gaan dit met hom wat vir homself skatte vergader en nie ryk is in God nie"** (Luk. 12:21).

Is u ryk in God? Ken u die genade wat in Christus Jesus berei is? Indien nie, is u net soos die ryke dwaas (en as u dalk arm is, onthou, daar is ook arm dwase!) Jesus Christus het nie verniet gesê: "soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge (voedsel en klere en aardse skatte) sal vir julle bygevoeg word" (Matth. 6 : 33).